

Ons herdenk vandag die Hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Jesus het voor die oë van sy dissipels opgevaar na die hemel. Nou weet ons dat Jesus Christus het ook gesterf aan die kruis. Hy is begrawe en was vir drie dae in die graf. Daarna het Hy opgestaan en vir 40 dae in 'n verheerlikte liggaam op aarde rondbeweeg. Maar ons lees dat sommige Hom nie dadelik hierken het nie, totdat hulle oë geopen is. Dan het hulle Hom gesien en herken. Tomas wou nie glo nie totdat hy sy vingers en hande in die gate van Jesus se lyf sou steek. Maar tog het hy geglo voordat hy dit gedoen het omdat hy in die teenwoordigheid van Jesus self was.

Ons lees in Mat 28:20 dat Jesus aan sy dissipels gesê het: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.”

Hoe kon Jesus by hulle wees en dit nadat Hy opgevaar het na die hemel? Dit is duidelik dat Jesus na sy menslike natuur, sy verheerlikte liggaam na die hemel opgevaar het. Hy sit aan die regterhand van ons Hemelse Vader. Maar na sy Goddelike natuur, is Hy natuurlik altyd, alomteenwoordig. Na sy **Godheid, majesteit, genade en Gees**, is Hy inderdaad altyd by ons en gaan nooit meer van ons af weg nie.

Met sy **mensheid** is Hy dus in die hemel, maar met sy **Godheid** is Hy alomteenwoordig. Prof Paul de Bruyn verduidelik dit met die volgende voorbeeld. “Hy is na sy Goddelike natuur sowel in sy menslike natuur in die hemel, as by ons op die aarde. Met 'n gebrekkige beeld kan ons dit so verduidelik met die son: Die son wat sy hitte na die aarde stuur, terwyl dit in homself ook teenwoordig is, maar na sy volheid in die hemelruim.” (De Bruyn. 1994:65)

Jesus se hemelvaart het vir ons 'n drievoudige voordeel:

- Hy is in die hemel ons voorspraak by die Vader.
- Ons menslike natuur in die hemel, is die waarborg (pand) dat Hy ons ook na Hom toe sal neem.
- Christus stuur sy Gees as waarborg (pand) na ons toe.

“Hieruit is dit vir ons duidelik dat die hemelvaart van Christus vir ons 'n ontsaglike waarde en 'n groot troos inhou. En na ons aardse stryd, na ons tyd op aarde, sal God ons in heerlijkheid opneem in die ewige heerlijkheid.” (De Bruyn. 1994:66)

Jesus Christus het ons dus vooruitgegaan na die hemel. Hy het reeds met sy verheerlikte liggaam opgevaar. Hy is daar vir ons die waarborg van ons ewige lewe.

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)